



GOD SE LIEFDE: MEER WERD AS DIE LEWE

Psalm 63:4: "U troue liefde is meer werd as die lewe."

Die lewe is 'n wonderlike gawe van God. Elke keer as 'n kind gebore word, besef 'n mens dit opnuut. Dit is inderdaad 'n voorreg om op aarde te kan lewe.

Tans word daar geweldige nadruk gelê op die waarde van lewe, veral in die lig van die bedreiging daarvan onder andere deur vigs en die bekommernis oor die skending van menseregte. Dit kan daartoe lei dat die aardse lewe oorgewaardeer word asof daar niks is wat 'n hoër waarde het as die lewe nie.

In Psalm 63 sê Dawid egter dat God se troue liefde meer werd is as die lewe. Hierdie troue liefde is immers die diepste oorsaak van ons lewe. In sy liefde het Hy aan ons die lewe gegee. Selfs die sonde kon God se liefde vir sy kinders nie tot 'n einde bring nie. Na die sondeval openbaar God aan ons hoe groot sy liefde vir ons is as Hy dan sy Seun gee om in ons plek te ly en te sterwe vir ons sonde sodat ons die ewige lewe kan verkry (Joh. 3:16). In sy troue liefde gee God ons dus baie meer as die aardse lewe; Hy gee ook aan ons die ewige lewe.

In die praktyk beteken dit vir ons dat ons hele lewe beheers moet word deur die troue liefde van God. In alles moet ons uit wederliefde doen wat Hy van ons vra. Trouens, sonder God is ons lewe leeg en sinloos. Daarom kan ons verstaan waarom die vader van die verlore seun na sy terugkoms kon sê: "Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer" (Luk. 15:24).

In die lig hiervan hoef ons ook nie die dood te vrees nie. Trouens, danksy God se troue liefde is die dood nie die einde van my ware lewe as kind van God nie, want na my aardse lewe wag daar op my 'n lewe in ewige duurte as die dood nie meer daar sal wees nie. Werklik, God se troue liefde is meer werd as die aardse lewe.



Publikasie
Publication



Nr./No.: H22